Holdings Nos. 5 *and* 6 (*Remainder of Kromellenboog No.* 45 *and Sub-division B and Kleinfontein of C of Kromellenboog No.* 266).—There are certain buildings situate near the northern boundary of holding No. 6 and it will be a condition of the allotment of holdings Nos. 5 and 6 that the successful applicant for Holding No. 5 shall dismantle the said buildings, remove all the building materials and use it in the erection of suitable improvements on his holding, and that the successful applicant for Holding No. 6 shall grant the necessary permission, ingress and egress to his holding to the first-mentioned applicant so that effect may be given to the foregoing; such removal and use of the material must be completed within a period to be fixed by the Minister of Lands; the particular material will be indicated to the successful applicant by the Inspector of Lands or some other official of the Department.

Holdings Nos. 7 *to* 12 (*Sub-divisions* 1 *to* 6 *of Witklip No.* 445).—The areas of these holdings are approximate and the purchase prices mentioned in the notice are inclusive. No alteration in these prices will be made should it be found later that the areas are greater or less than those stated above.

Holdings Nos. 7 *to* 10.—All rights to coal, minerals, metals and precious stones, in, upon or under the land are reserved to third parties and the allotment of the holdings will be made subject to such reservation.

GENERAL CONDITIONS.

Natives.—The holdings will be allotted subject to the presence of any natives who may be residing thereon and the Department does not undertake to cause any steps to be taken for the removal of any such natives therefrom.

The leases to be issued will contain conditions relative to residence, improvements, fencing, minerals, outspans, roads, and such other conditions as are usually inserted in the agricultural leases granted under the Land Settlement Act, No. 12 of 1912, as amended. The rentals, which are payable yearly in advance, are calculated on the purchase price on the following percentage basis:—

Rentals:

First and Second years: Nil.

Third year: 2 per cent. per annum.

Fourth and Fifth years: 3½ per cent, per annum.

In the event of extension of lease after five years: 3½ per cent. per annum.

In the event of the option of conditional purchase being exercised, the purchase price becomes payable in 65 equal yearly instalments, which include capital and interest, the latter being calculated at a rate of 3½ per cent.

Occupation—

The leases to be issued will contain conditions to the effect that the lessees shall personally and beneficially occupy the holdings allotted within a period of three months from the date of allotment, and thereafter for at least eleven months during every calendar year.

Opmetings—

As dit miskien nodig word om die hoewe opnuut op te meet of 'n sertifikaat van gewysigde eiendomsbewys uit te neem weens foute in die bestaande opmeting, moet alle koste van so 'n opmetings of sertifikaat van gewysigde eiendomsbewys deur die huurder gedra word. Indien dit blyk dat die hoewe groter is as in hierdie kennisgewing vermeld, kom die voordeel daarvan aan die huurder toe sonder dat die koopprys van die hoewe verhoog word: blyk dit daarenteen dat die grond kleiner is as in hierdie kennisgewing vermeld, moet die huurder dit aanvaar sonder vermindering van die koopprys, en in so 'n geval het hy, ten opsigte daarvan, geen eis teen die regering nie.

Dipbakke—

Die dipbakke moet te alle redelike tye beskikbaar wees vir die dip van naburige vee. Die gelde betaalbaar deur gebruikers van die dipbakke moet nie sodanige tariewe as wat van tyd tot tyd deur die regeringsveearts van die distrik vasgestel word, oorskry nie.

Onderverdelings—

'n Spesiale bepaling van die huurkontrak is dat, ingeval 'n hoewe aan twee of meer huurders toegeken word, die Minister, na goeddunke, van die huurders kan verlang om die hoewe op hul eie koste onder te verdeel op 'n wyse soos deur die huurders ooreengekom en deur die Minister goedgekeur, of as hullle in gebreke bly om binne 'n tydperk van hoogstens drie maande so 'n ooreenkoms te tref, dan op 'n wyse wat die Minister vasstel. Sodanige ooreenkoms tussen die huurders of vasstelling van die Minister moet vermeld—

(1) die aandeel van die onderverdelingskoste wat elke huurder moet betaal, met inbegrip van die koste van opmeting;

(2) indien 'n voorskot verleen word, waarvan die bedrag nie by die koopprys gevoeg is nie, die aandeel wat elke huurder moet ontvang van enige vee, gereedskap of ander goedere en tot watter bedrag elke huurder aanspreeklikheid moet aanvaar vir die aandeel wat hy ontvang het;

(3) wat die koopprys is van elke onderverdeling met behoorlike inagneming van alle verbeterings wat deur die Minister aangebring of deur middel van 'n voorskot deur die Minister verleen is, en watter deel van die reeds betaalde paaiemente kapitaal is.

Die huurders moet binne drie maande na so 'n ooreenkoms besluit of 'n vasstelling deur die Minister gemaak is, onderneem om op hul eie koste sodanige maatreëls te tref as wat nodig is om volgens Wet die regte in die huurkontrak, kragtens bogenoemde ooreenkoms of vasstelling deur die Minister, behoorlik te sedeer.

ALGEMENE OPMERKINGS.

Uitreiking van Kroongrondbriewe—

Kroongrondbriewe van hoewes kan in spesiale gevalle met toestemming van die Goewerneur-generaal uitgereik word voor afloop van 'n termyn van tien (10) jaar na datum van toekenning. As 'n huurder, na 5 jaar vanaf toekenning van 'n hoewe, die Landraad kan oortuig dat die waarde van sy hoewe met permanente verbeterings van 'n deeglike aard een-vierde meer bedra as die totale skuld van die huurder aan die regering, is die Minister kragtens artikel *agt* van Wet No. 21 van 1922 bevoeg om 'n Kroongrondbrief uit te reik en vir die totale bedrag van die skuld wat dan oorbly, 'n verband aan te neem.

Die hoewes hierby geadverteer, is onderworpe aan die bepalings van artikel *nege* van Wet No. 45 van 1937, wat as volg lui:—

„ Na die inwerkingtreding van hierdie Wet mag geen grond wat 'n hoewe of 'n deel van 'n hoewe is, vervreemd, verpand, deur 'n ander serwituut as 'n serwituut van vruggebruik, van gebruik of van bewoning beswaar word of verdeel word nie sonder skriftelike toestemming van die Minister op aanbeveling van die Landraad verleen op sodanige voorwaardes as wat die Minister wenslik ag om te stel. . ."

Omheinings—

Ingeval die regering, ingevolge die Omheiningswet, No. 17 van 1912, of enige wysiging daarvan, moet bydra tot bestryding van die koste van die tussenheinings of enige gedeelte daarvan ten opsigte van die hoewes in hierdie kennisgewing geadverteer, of om aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige bydraes te aanvaar voor die registrasie van die huurkontrak, moet die suksesvolle applikant by die toekenning van 'n hoewe aan hom, aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige bydraes aanvaar. Die bedrag van sodanige bydraes moet deur die persoon aan wie die hoewe toegeken word, in kontant aan die regering betaal word, of kan, as die persoon aan wie die hoewe toegeken word, sulks verkies, by die koopprys van die hoewe gevoeg word, en in so 'n geval word die bedrag van die huur en rente op die koopprys dienooreenkomstig verhoog. Die suksevolle applikante vir enigeen van die hoewes wat heeltemal of gedeeltelik omhein is, moet ooreenkomstig die Omheiningswet van 1912, of wysiging daarvan, aanspreeklikheid aanvaar vir enige bedrae wat deur die eienaars van aangrensende plase kragtens genoemde Wet gevorder mag word.

Surveys—

Should it at any time be found necessary to resurvey a holding, or take out a certificate of amended title, owing to errors in the existing survey, all costs incidental to such survey or certificate of amended title must be borne by the lessee. Should it be found that the holding is of greater extent than that stated in this notice the lessee shall benefit thereby, without any increase of purchase price being made; on the other hand, should the area be found to be less than that stated in this notice, the lessee shall accept such lesser area without reduction of the purchase price, and no claim against the Government will exist in respect of any reduced area.

Dipping Tanks—

The dipping tanks must be available at all reasonable times for the dipping of neighbouring stock. The fees payable by users of the dipping tanks may not exceed such tariffs as are fixed by the Government Veterinary Officer for the district from time to time.

Sub-divisions—

In the event of any of the holdings being allotted to two or more lessees it shall be a special condition of the lease that the Minister may at his discretion call upon the lessees to have the holding sub-divided at their own expense in a manner agreed upon by the lessees and approved by the Minister, or, failing such agreement within a period of not more than three months, in a manner to be determined by the Minister. Such agreement amongst the lessees or determination by the Minister shall state—

(1) The share to be borne by each lessee in respect of the costs of sub-division, inclusive of the costs of survey;

(2) where any advance has been made, the amount whereof has not been added to the purchase price, the share to be received by each lessee in respect of any stock, implements, or other things and the amount of the liability to be assumed by each lessee in respect of the share received by him;

(3) the purchase price of each sub-division, due regard being had to any improvements effected by the Minister or by means of an advance made by the Minister, and the share of the capital amount of such instalments as may have been paid.

The lessee shall undertake, within three months after such agreement has been reached or determination has been made by the Minister, to take at their own expense such steps as may be necessary to effect proper and legal cession of the interests in the lease in accordance with the aforesaid agreement or determination by the Minister.

GENERAL REMARKS.

Issue of Crown Grants—

Crown grants of holdings may, in special cases, with the approval of the Governor-General, be issued before the expiry of a period of ten (10) years from the date of allotment. When a lessee, after five (5) years' tenancy can satisfy the Land Board that the value of his holding with permanent and substantial improvements exceeds by one-fourth the total indebtedness of the lessee to the Government, section *eight* of Act No. 21 of 1922, enables the Minister to issue a Crown grant and accept a mortgage bond for the total amount of the then remaining indebtedness.

The holdings hereby advertised are subject to the provisions of section *nine* of Act No. 45 of 1937, which reads as follows:—

" No alienation, hypothecation, encumbrance by means of a servitude (other than a servitude of usufructus, usus or habitatio) or division of any land which is a holding or portion of a holding shall be effected after the commencement of this Act without the consent in writing of the Minister, granted upon the recommendation of the land board, on such conditions as the Minister may think fit to impose . . ."

Fencing—

In the event of the Government being required, in terms of the Fencing Act, No. 17 of 1912, or any amendments thereof to contribute towards the cost of fencing the boundaries, or any part thereof, of any of the holdings advertised in this notice, or to accept liability for the payment of such contribution prior to the registration of the lease, the successful applicant shall, on allotment being made to him, assume liability for the payment of such contribution. The amount of such contribution shall be paid by the allottee to the Government in cash, or at the option of the allottee it may be added to the valuation of the holding, in which case the rental payments and interest on the purchase price shall be increased accordingly. The successful applicants for any of the holdings on which the boundaries or part thereof are fenced shall accept liability under the Fencing Act, 1912, or any amendment thereof, for any amounts which may be claimed by adjoining owners in terms of the said Act.

Algemeen—

Ingeval van ongelukke van persone of vee wat plaasvind as gevolg van die bestaan van skagte, tonnels en ander toestande veroorsaak deur prospekteer- en mynwerksaamhede onderneem voor die datum van aanvang van die huurkotrak, is die huurder nie geregtig tot vergoeding van die kant van die regering of die prospekteerder of die kleimeienaar nie.

Die regering behou alle regte op minerale, mineraalprodukte, mineraalolies, metale en edelgesteentes tensy anders vermeld in hierdie kennisgewing.

Die departemente het alle pogings aangewend om die informasie in hierdie kennisgewing vervat, so korrek moontlik op te gee, maar is nie aanspreeklik vir moontlike onjuisthede daarin nie.

Die huur gedurende die huurtermyn van vyf jaar betaal, word nie van die koopprys afgetrek ingeval die opsie van aankoop uitgeoefen word nie.

Applikante word aangeraai om die hoewes persoonlik te inspekteer alvorens aansoek daarom te doen. Landrade is by die oorweging van aansoeke om hoewes, in die reël nie geneig om aan te beveel dat toekennings gemaak word aan applikante wat versuim het om die hoewes waarom hulle aansoek gedoen het, persoonlik te inspekteer of deur iemand anders namens hulle te laat inspekteer nie. Die regering staan geen spoorweg- of ander vervoerkonsessies in verband met die inspeksie van hoewes toe nie.

Inbesitneming kan onmiddellik na toekenning toegestaan word tensy in die brief van toekenning anders bepaal word.

Alle aansoeke moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat verkrybaar is van die magistrate van die distrikte waarin die hoewes geleë is; die Sekretaris van Lande, Pretoria; die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 408, Pietermaritzburg.

Die departement het 'n personeel wat spesiaal aansoeke om en navrae betreffende grond behandel en aspirant-nedersetters wat inligting met betrekking tot grondnedersetting verlang, word aangeraai om regstreeks met die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 408, Pietermaritzburg, in verbinding te tree.

✱ No. 1286.] [25 Augustus 1939.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat ondervermelde eiendomme op die aangegewe datums, tye en plekke deur die betrokke vendu-afslaers opgeveil sal word:—

A.—Deur die firma Dely en de Kock in hul kantore, Bureaulaan 4, Pretoria, om 11 uur v.m., op Saterdag, 30 September 1939:—

Ingevolge die bepalings van die Kroongrond Nederzettings Wet, No. 12 van 1912, soos gewysig by artikel *agt* van die Nedersettings Noodlenigingswet, No. 25 van 1931, en artikel *nege* van Wet No. 45 van 1937:—

(1) Die hoewe bestaande uit—

(*a*) gedeelte (perseel 4) van gedeelte van die plaas Gemsbokspruit No. 161, distrik Pretoria, groot 287 morge 491 vierkante roedes, en

(*b*) gedeelte (perseel A) van gedeelte van die plaas Gemsbokfontein No. 160, distrik Pretoria, groot 109 morge 404 vierkante roedes

Die insitprys, insluitende omheiningskoste, bedra £427.

Die voorwaardes vir die betaling van die koopprys van die eiendom is dat minstens een-tiende daarvan op die verkoopdag betaalbaar is, en die restant, met rente teen 5 persent per jaar, in vyftien gelyke jaarlikse paaiemente gereken vanaf die verkoopdatum. Niks sal die koper egter verhinder nie om, indien hy dit verlang, die hele koopprys gouer af te betaal.

(2) Gedeelte 1 van gedeelte van die plaas Gemsbokspruit No. 161, distrik Pretoria, groot 181 morge 167 vierkante roedes.

Die insitprys bedra £182.

Die voorwaardes vir die betaling van die koopprys van die eiendom is dat minstens een-vyfde daarvan op die verkoopdag betaalbaar is, en die restant, met rente teen 5 persent per jaar, in tien gelyke jaarlikse paaiemente gereken vanaf die verkoopdatum. Niks sal die koper egter verhinder nie om, indien hy dit verlang, die hele koopprys gouer af te betaal.

(3) Gedeelte 1 van gedeelte A van die plaas Hartebeestfontein No. 155, distrik Pretoria, groot 419 morge.

Die eiendom is onderworpe aan Notariële Akte No. 687, gedateer 7 Januarie 1889, waarby die mineraalregte aan Alois Hugo Nellmapius en Alfred Beit gesedeer is.

Die insitprys bedra £419.

Die voorwaardes vir die betaling van die koopprys van die eiendom is dat minstens een-tiende daarvan op die verkoopdag betaalbaar is en die restant met rente teen 5 persent per jaar, in vyftien gelyke jaarlikse paaiemente gereken vanaf die verkoopdatum. Niks sal die koper egter verhinder nie om, indien hy dit verlang, die hele koopprys gouer af te betaal.

(4) Gedeelte A van die plaas Hartebeestspruit No. 572, distrik Pretoria, groot 159 morge 423 vierkante roedes.

Miscellaneous—

In the case of accidents to persons or cattle consequent on the existence of shafts, tunnels, and other conditions arising out of prospecting and mining operations undertaken prior to the date of the commencement of the lease, the lessee shall not be entitled to compensation from the Government or the prospector or claimholder.

All rights to minerals, mineral products, mineral oils, metals, and precious stones are reserved to the Crown unless otherwise stated in this notice.

The Department has made every effort to render as accurate as possible the information given in this notice, but does not hold itself responsible for any inaccuracies which may be contained in this notice.

The rent paid during the lease period of five years is not deducted from the purchase price in the event of the option to purchase being exercised.

Applicants are recommended personally to inspect the holdings before formally applying therefor. In considering applications for holdings, Land Boards decline, as a rule, to recommend allotments to applicants who have failed to inspect personally or to have had inspected on their behalf the holding applied for. No railway or transport concessions are given by the Government in connection with inspection of holdings.

Occupation can be granted immediately upon allotment, unless other provisions be made in the letter of allotment.

All applications must be submitted on the prescribed form, which can be obtained from the magistrates of the districts in which the farms are situate; the Secretary for Lands, Pretoria; the Provincial Representative, Department of Lands, P.O. Box 408, Pietermaritzburg.

The Department has a staff dealing specially with applications and inquiries for land and prospective settlers desirous of obtaining information with regard to land settlement are advised to apply for such information direct to the Provincial Representative, Department of Lands, P.O. Box 408, Pietermaritzburg.

✱ No. 1286.] [25 August 1939.

It is hereby notified for general information that the properties described hereunder will be offered for sale by public auction by the respective auctioneers, on the dates and at the times and places described hereunder.

A. By Messrs. Dely and de Kock, in their Offices, 4 Bureau Street, Pretoria, on Saturday, the 30th September, 1939, at 11 o'clock a.m.:—

Under the provisions of the Land Settlement Act, No. 12 of 1912, as amended by section *eight* of the Land Settlement Relief Act, No. 25 of 1931, and section *nine* of Act No. 45 of 1937:—

(1) The holding comprising—

(*a*) portion (Lot 4) of portion of the farm Gemsbokspruit No. 161, District Pretoria, measuring 287 morgen 491 square roods, and

(*b*) portion (Lot A) of portion of the farm Gemsbokfontein No. 160, District Pretoria, measuring 109 morgen 404 square roods.

The upset price, including fencing costs, is £427.

The terms for the payment of the purchase price of the property are that not less than one-tenth thereof will be payable on the day of sale, and the balance bearing interest at the rate of 5 per cent. per annum in fifteen equal yearly instalments reckoned from the date of sale. Nothing will, however, prevent the purchaser from completing the sale at an earlier date if so desired

(2) Portion 1 of portion of the farm Gemsbokspruit No. 161, District Pretoria, measuring 181 morgen 167 square roods.

The upset price is £182.

The terms for the payment of the purchase price of the property are that not less than one-fifth thereof will be payable on the date of sale and the balance bearing interest at the rate of 5 per cent. per annum in ten equal yearly instalments reckoned from the date of sale. Nothing will, however, prevent the purchaser from completing the sale at an earlier date if so desired.

(3) Portion 1 of Portion A of the farm Hartebeestfontein No. 155, District Pretoria, measuring 419 morgen.

The property is subject to Notarial Deed No. 687, dated 7th January, 1889, whereby the mineral rights were ceded to Alois Hugo Nellmapius and Alfred Beit

The upset price is £419.

The terms for the payment of the purchase price of the property are that not less than one-tenth thereof will be payable on the day of sale, and the balance bearing interest at the rate of 5 per cent. per annum in fifteen equal yearly instalments reckoned from the date of sale. Nothing will, however, prevent the purchaser from completing the sale at an earlier date if so desired.

(4) Portion A of the farm Hartebeestspruit No. 572, District Pretoria, measuring 159 morgen 423 square roods.

Die eiendom is onderworpe aan die voorbehoud van eenagste (1/8ste) aandeel in die mineraalregte daarin ten gunste van Jacob Lourens Carolus Erasmus kragtens Notariële Akte No. 913/1921S en die voorbehoud van drie-agstes (3/8stes) aandeel in die mineraalregte daarin ten gunste van Coert Frederik Erasmus (J. Seun) en aan die verdere voorwaardes vervat in Akte van Transport No. 2265/1927, kragtens welke dit deur die Regering gehou word. Kopieë van hierdie voorwaardes kan van die Sekretaris van Lande, Uniegebou, Pretoria, of van die afslaers verkry word.

Die insitprys bedra £430.

Die voorwaardes vir die betaling van die koopprys van die eiendom is dat minstens een-tiende daarvan op die verkoopdag betaalbaar is, en die restant, met rente teen 5 persent per jaar, in vyftien gelyke jaarlikse paaiemente gereken vanaf die verkoopdatum. Niks sal die koper egter verhinder nie om, indien hy dit verlang, die hele koopprys gouer af te betaal.

B.—Deur die firma Rood, Snijman en Pohl voor die Magistraatskantoor, Vereeniging, om 11 uur v.m., op Saterdag, 16 September 1939:—

Ingevolge die bepalings van die Kroongrond Nederzettings Wet, No. 12 van 1912, soos gewysig by artikel *agt* van die Nedersettings Noodlenigingswet, No. 25 van 1931, en artikel *nege* van Wet No. 45 van 1937:—

Gedeelte E van die plaas Zeekoefontein No. 21, distrik Vereeniging, groot 98 morge 148 vierkante roedes.

Die eiendom word verkoop onderworpe aan die voorwaardes vervat in Akte van Transport No. 8429/1926, kragtens welke dit deur die Regering gehou word. Kopieë van hierdie voorwaardes kan van die Sekretaris van Lande, Uniegebou, Pretoria, of van die afslaers verkry word.

Die insitprys bedra £295.

Die voorwaardes vir die betaling van die koopprys van die eiendom is dat minstens een-vyfde daarvan op die verkoopdag betaalbaar is, en die restant, met rente teen 5 persent per jaar, in vyf gelyke jaarlikse paaiemente gereken vanaf die verkoopdatum. Niks sal die koper egter verhinder nie om, indien hy dit verlang, die hele koopprys gouer af te betaal.

ALGEMENE VOORWAARDES.

(1) Alle regte op minerale, mineraalprodukte, mineraalolies, metale en edelgesteentes op of onder die grond, behalwe in daardie gevalle waar sulke regte, of enige daarvan, deur derde partye gehou word, soos hierin uiteengesit, word aan die Kroon voorbehou.

(2) Die koper moet, vanaf die verkoopdatum, alle regte, verpligtings en pligte van 'n eienaar ingevolge die „Omheinings Wet" van 1912, op hom neem. Hy moet verder, ten aansien van omheinings alreeds deur aangrensende eienaars opgerig, eventuele aanspreeklikheid aanvaar om tot die koste van sodanige omheining by te dra.

(3) Indien daar oppassers op die eiendomme is, sal hulle die reg hê om hul gewasse te versorg en, wanneer dit ryp is, dit te oes. Hulle sal verder geregtig wees tot kennisgewing van een maand om die eiendomme te ontruim.

(4) Geen koste sal deur die Regering aangegaan word nie om die bakens van die grond aan te wys.

(5) Die kopers sal aanspreeklik wees vir die betaling van die afslaerskoste, hereregte en registrasiegelde (15s.). Die afslaerskoste is op die verkoopdag betaalbaar.

(6) By betaling van die laaste paaiement van die koopprys en die registrasiegelde en by ontvangs van die hereregtekwitansie sal 'n Kroongrondbrief aan die koper uitgereik word.

(7) Ingeval die gestelde voorwaardes nie bevredigend nagekom word nie, het die Goewerment die reg om die eiendom weer in besit te neem en bedrae wat betaal mag wees, tesame met verbeterings na die verkoopdatum daarop opgerig, sal verbeurd verklaar word. Die Goewerment sal in daardie geval geen vergoeding vir sulke verbeterings betaal nie. Ingeval die verkoping gekanselleer en die grond weer in besit geneem word, moet die koste wat deur die Goewerment aangegaan word in verband met die weerinbesitneming, deur die koper gedra word.

(8) Die departement het alle pogings in die werk gestel om hierdie inligting so noukeurig moontlik te verstrek, maar is nie aanspreeklik vir moontlike onjuisthede daarin nie.

(9) Verdere voorwaardes kan op de verkoopdag gestel word.

✱ No. 1287.] [25 Augustus 1939.

Hierby word bekendgemaak dat die twee stukke grond genoem „The Thicket" and „Zuney School Site", beide geleë in die afdeling Alexandria, provinsie Kaap die Goeie Hoop, tesame groot 230 morge 11 vierkante roedes 41 vierkante voete, as een eiendom, om 11 uur v.m. op Saterdag 30 September 1939, deur die afslaer mnr. A. P. van Wyk van Alexandria voor sy kantoor op Alexandria, by publieke veiling te koop aangebied sal word kragtens artikel *een* van Wet No. 8 van 1922, behoudens die volgende algemene voor-

The property is subject to the reservation of one-eighth (⅛th) share in the mineral rights therein in favour of Jacob Lourens Carolus Erasmus by virtue of Notarial Deed No. 913/1921S, and the reservation of three-eighths (⅜ths) share in the mineral rights therein in favour of Coert Frederik Erasmus (J. Son), and to the further conditions embodied in Deed of Transfer No. 2265/1927, whereunder it is held by the Government. Copies of these conditions may be obtained from the Secretary for Lands, Union Buildings, Pretoria, or from the auctioneers.

The upset price is £430.

The terms for the payment of the purchase price of the property are that not less than one-tenth thereof will be payable on the date of sale, and the balance bearing interest at the rate of 5 per cent. per annum in fifteen equal yearly instalments reckoned from the date of sale. Nothing will, however, prevent the purchaser from completing the sale at an earlier date if so desired.

B. By Messrs. Rood, Snijman and Pohl in front of the Magistrate's Office, Vereeniging, on Saturday, the 16th September, 1939, at 11 o'clock a.m.:—

Under the provisions of the Land Settlement Act, No. 12 of 1912, as amended by section *eight* of the Land Settlement Relief Act, No. 25 of 1931, and section *nine* of Act No. 45 of 1937:—

Portion E of the farm Zeekoefontein No. 21, District Vereeniging, measuring 98 morgen 148 square roods.

The property is sold subject to the conditions embodied in Deed of Transfer No. 8429/1926 whereunder it is held by the Government. Copies of these conditions may be obtained from the Secretary for Lands, Union Buildings, Pretoria, or from the auctioneers.

The upset price is £295.

The terms for the payment of the purchase price of the property are that not less than one-fifth thereof will be payable on the date of sale and the balance bearing interest at the rate of 5 per cent. per annum in five equal yearly instalments reckoned from the date of sale. Nothing will, however, prevent the purchaser from completing the sale at an earlier date if so desired.

GENERAL CONDITIONS.

(1) All rights to minerals, mineral products, mineral oils, metals and precious stones on or under the land, except in those cases where such rights or any of them are held by third parties as specified herein, are reserved to the Crown.

(2) The purchaser shall, from the date of sale, assume all rights, obligations and duties of an owner under the Fencing Act, 1912. He shall further, in respect of fencing already erected by adjoining owners, accept liability, if any, towards such owners to contribute to the cost of such fencing.

(3) The caretakers, if any, on the properties shall have the right to tend their crops and to reap them at maturity. They shall further be entitled to one month's notice to vacate the properties.

(4) No costs will be incurred by the Government in pointing out the beacons of the land.

(5) The purchasers shall be liable for the payment of the auctioneer's fees, transfer duty and registration fee (15s.). The auctioneer's fees shall be payable on the day of sale.

(6) On payment of the final instalment of the purchase price and the registration fee and on production of the transfer duty receipt a Crown Grant will be issued to the purchaser.

(7) In the event of any of the stipulated conditions not being satisfactorily complied with, the Government will have the right to resume possession of the property and such moneys as may have been paid shall be forfeited, together with such improvements as may have been erected thereon subsequent to the date of sale. No compensation shall in that event be payable by the Government in respect of such improvements. In the event of the cancellation of the sale and of resumption as aforesaid all costs that may be incurred by the Government in effecting resumption shall be payable by the purchaser.

(8) The Department has made every effort to render as accurate as possible the information given in this notice but will not be responsible for any inaccuracies should such exist.

(9) Further conditions may be declared on the day of sale.

✱ No. 1287.] [25 August 1939.

It is hereby notified that the two pieces of land called "The Thicket" and "Zuney School Site", both situated in the Division of Alexandria, Province of the Cape of Good Hope, together measuring 230 morgen 11 square roods 41 square feet, will be offered for sale by public auction, as one property, by the auctioneer, Mr. A. P. van Wyk, of Alexandria, in front of his office, at Alexandria, at 11 o'clock a.m. on Saturday, the 30th September, 1939, in terms of section *one* of Act No. 8 of 1922, subject to the following

waardes en sodanige spesiale voorwaardes as wat op die verkoopdag bekendgemaak mag word:—

ALGEMENE VERKOOPVOORWAARDES.

1. Die grond sal te koop aangebied word teen die insitprys van £1,038 en die hoogste bieder wat nie minder as daardie vasgestelde insitprys gebied het nie, word tot koper verklaar. Die koper het die opsie om òf die hele koopsom òf 'n gedeelte daarvan in kontant op die verkoopdag te betaal, met dien verstande dat indien slegs 'n gedeelte van die koopsom op die verkoopdag betaal word, daardie gedeelte minstens een-tiende (1/10de) van die hele bedrag moet wees. Die saldo moet verseker word deur 'n eerste verband ten gunste van die Goewerment van die Unie van Suid-Afrika, wat gelyktydig met die Kroongrondbrief ten aansien van die grond geregistreer moet word.

Indien die koper versuim om die vereiste verband binne ses (6) maande vanaf die verkoopdag van die grond te neem, is die Minister geregtig om die verkoping van nul en gener waarde te verklaar. Alle betalings alreeds gemaak in verband met die verkoping word aan die Goewerment verbeur, tesame met enige verbeterings deur die koper aangebring.

Die bedrag van die verband moet betaal word in vyftien (15) gelyke jaarlikse paaiemente, waarvan die eerste één jaar na die verkoopdag verskuldig en betaalbaar is, en tesame met elke paaiement moet rente teen vyf (5) persent per jaar op die saldo van die verband betaal word.

Daarenbowe het die koper die reg om te eniger tyd die bedrag van die verband of enige gedeelte daarvan van minstens £25 af te betaal.

2. Die beraamde koste van £12. 10s. 0d. vir die registrasie van die verband ten aansien van die saldo van die koopprys betaalbaar, die koste van die Kroongrondbrief (12s. 3d.) en die Akteskantoorregistrasiegeld (15s.) moet deur die koper in kontant op die verkoopdag betaal word.

3. Die afslaerskommissie van 2½ persent van die koopprys behaal, moet deur die koper in kontant op die verkoopdag betaal word.

4. Die verkoping van die grond is onderworpe aan bekragtiging deur die Minister van Lande. Ingeval die verkoping nie bekragtig word nie, sal die koste en gelde genoem in paragrawe (2) en (3), tesame met die betaalde paaiement van die koopprys, terugbetaal word.

5. Die koper moet die eiendom in besit neem op die datum waarop die verkoping deur die Minister van Lande bekragtig word, en vanaf daardie datum aanvaar die koper algehele aanspreeklikheid vir die eiendom en is hy aanspreeklik vir die stipte betaling van alle belastings betaalbaar.

6. Die koper moet vanaf die datum van verkoping alle regte, verpligtings en pligte van 'n eienaar ingevolge die Omheiningswet van 1912, soos gewysig, op hom neem. Hy moet verder, ten aansien van omheining alreeds deur aangrensende eienaars opgerig, aanspreeklikheid teenoor sulke eienaars aanvaar om tot die koste van die omheining by te dra.

7. Geen koste in verband met die aanwys van die grenspenne of bakens op die grond sal deur die Goewerment aangegaan word nie.

8. Ingeval geen bevredigende gevolg aan enigeen van die gestelde voorwaardes gegee word nie, het die Goewerment die reg om weer besit van die eiendom te neem, en gelde wat reeds betaal is, tesame met alle verbeterings wat na die verkoopdatum op die eiendom aangebring mag gewees het, word verbeurd verklaar. In daardie geval word geen vergoeding ten aansien van sulke verbeterings deur die Goewerment betaal nie. Ingeval die verkoping gekanselleer en die grond soos voornoem, teruggeneem word, moet alle koste wat deur die Goewerment aangegaan is, ten einde gevolg te gee aan die terugneming, deur die koper betaal word.

9. Die Goewerneur-generaal het te eniger tyd die reg om al die grond of 'n gedeelte daarvan weer in besit te neem as dit vir publieke doeleindes vereis word, teen betaling as vergoeding, aan die eienaar, van so'n bedrag as wat deur die betrokke partye onderling ooreengekom is, of by gebreke van sodanige ooreenkoms, by skeidsregterlike uitspraak vasgestel word.

10. Behoudens die bepalings van die „Wet op de Ontginning van Voorbehouden Mineralen, 1926", en van die „Wet op Edelgesteentes, 1927", soos gewysig, word alle regte op alle minerale, mineraalprodukte, mineraalolies, steenkool, onedele of edele metale of edelgesteenstes op of onder die grond aan die Goewerment voorbehou.

11. Die grond of enige gedeelte daarvan mag nie vervreemd word nie tensy die skriftelike toestemming van die Minister van Lande vooraf daartoe verkry is, en hierdie voorwaarde moet in elke transport van die grond of gedeelte daarvan herhaal word.

12. Die Goewerment behou die reg voor om al die grond of enige gedeelte daarvan aan verkoping te onttrek indien onvoorsiene omstandighede dit wenslik of noodsaaklik maak.

Alle pogings is aangewend om die inligting in hierdie kennisgewing so noukeurig moontlik op te gee maar die Goewerment aanvaar geen verantwoordelikheid vir moontlike onjuisthede daarin nie.

Kopieë van die kaarte van die grond lê ter insae op die kantoor van die Magistraat, Alexandria, en die kantoor van die Provinsiale Verteenwoordiger, Departement van Lande, Nuwe Goewermentsgebou, Parlementstraat, Kaapstad.

(Lande C.3276/5.)

general conditions and such special conditions as may be declared on the day of sale:—

GENERAL CONDITIONS OF SALE.

1. The land will be offered for sale at the upset price of £1,038 and the highest bidder who shall have offered not less than the upset price fixed shall be declared the purchaser. The purchaser shall have the option of paying either the whole or a part of the purchase price in cash on the day of sale, provided that, if only a portion of the purchase price is paid on the day of sale, such portion shall not be less than one-tenth (1/10th) of the full amount. The balance shall be secured by a first mortgage bond in favour of the Government of the Union of South Africa, registered simultaneously with the Crown Grant in respect of the land.

In the event of failure on the part of the purchaser to pass the required bond within six (6) months from the date of sale of the land the Minister shall be entitled to declare the sale null and void. All payments already made in respect of such sale shall be forfeited to the Government, together with any improvements effected by the purchaser.

The amount of the bond shall be paid in fifteen (15) equal annual instalments, of which the first shall become due and payable one year after the date of sale and there shall be paid with such instalments interest at the rate of five (5) per cent. per annum on the balance of the bond.

The purchaser shall, in addition, have the right at any time to pay off the amount of the bond or any portion thereof, not being less than £25.

2. The estimated cost of £12. 10s. 0d. for the registration of the bond for the balance of the purchase price owing, the costs of Crown Grant (12s. 3d.) and the Deeds Office Registration fee (15s.) shall be paid by the purchaser in cash on the day of sale.

3. The auctioneer's commission of 2½ per cent. on the purchase price realised, shall be paid by the purchaser in cash on the day of sale.

4. The sale of the land is subject to confirmation by the Minister of Lands. In the event of the sale not being confirmed, the costs and fees referred to in paragraphs (2) and (3), together with the instalment of the purchase price paid, will be refunded.

5. The purchaser shall from the day upon which the Minister of Lands confirms the sale, take possession of the property, and shall from that date assume responsiblity for the property and shall be liable for the prompt payment of all such rates and taxes as may be payable.

6. The purchaser shall, from the date of sale, assume all rights, obligations and duties of an owner under the Fencing Act, 1912, as amended. He shall, further, in respect of fencing already erected by adjoining owners, accept liability, if any, towards such owners to contribute to the cost of such fencing.

7. No costs will be incurred by the Government in pointing out the boundary pegs or beacons on the land.

8. In the event of any of the stipulated conditions not being satisfactorily complied with, the Government will have the right to resume possession of the property, and such moneys as may have been paid shall be forfeited, together with such improvements as may have been erected on the property subsequent to the date of sale. No compensation shall in that event be payable by the Government in respect of such improvements. In the event of the cancellation of the sale and resumption as aforesaid, all costs that may be incurred by the Government in effecting resumption shall be payable by the purchaser.

9. The Governor-General shall at all times have the right of resuming the whole or portion of the land, if required for public purposes, on payment to the proprietor of such sum of money in compensation as may be mutually agreed upon by the parties concerned, or failing such agreement, as may be determined by arbitration.

10. Subject to the provisions of the Reserved Minerals Development Act, 1926, and of the Precious Stones Act, 1927, as amended, all rights to all minerals, mineral products, mineral oils, coal, base or precious metals or precious stones in or under the land are reserved to the Government.

11. The land or any portion thereof shall not be alienated without the approval, in writing, of the Minister of Lands being first had and obtained, which condition shall be repeated in each conveyance of the land or portion thereof.

12. The Government reserves the right to withdraw the whole or any portion of the land from sale should unforeseen circumstances render it necessary or expedient.

Every effort has been made to render as accurate as possible the information given in this notice, but the Government accepts no liability for any inaccuracy, should such exist.

Copies of the diagrams of the land may be seen at the Office of the Magistrate, Alexandria, and the Office of the Provincial Representative, Department of Lands, New Government Building, Parliament Street, Capetown.

(Lands C.3276/5.)

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË EN HAWES.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1262.] [25 Augustus 1939.

Dit word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens artikel *honderd ses-en-twintig* van die Zuid-Afrika Wet van 1909, die heraanstelling van die Weled. Heer Frederick Thomas Bates as Kommissaris op die Spoorweg- en Haweraad met ingang van 1 September 1939 goed te keur.

✱ No. 1263.] [25 Augustus 1939.

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet no. 23 van 1925 goedkeuring verleen vir die volgende wysiging in die Personeel-regulasies vir Werksmanne:—

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

PERSONEELREGULASIES VIR WERKSMANNE.

WYSIGINGSLYS.

(*In werking vanaf 25 Junie* 1939.)"

Regulasie no. **48.**

In Afdeling no. 2—Halfgeskoolde ambagsmanne—van die Besoldigingslys vir Ambagsmanne, skrap die graad ,, Seilhersteller " in groep 1 en voeg dit na die graad ,, Kernmaker " in groep 2 in.

✱ No. 1264.] [25 Augustus 1939.

,, Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het kragtens artikel *een-en-dertig* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet no. 23 van 1925 goedkeuring verleen vir die volgende wysiging in die Personeel-regulasies vir Werksmanne:—

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

PERSONEELREGULASIES VIR WERKSMANNE.

WYSIGINGSLYS.

(*In werking vanaf 25 April* 1938.)"

Regulasie no. **80.**

Aan Afdelings nos. 4 (*e*) en 7: Spoorwerkers, van die Besoldigingslys vir Werksmanne, voeg die volgende voetnoot toe:—

,, 'n Spoorwerker op wie die loonskaal vir volwasse getroude spoorwerkers van toepassing is, word, ingeval sy eggenote sterf of sy huwelik om enige ander rede ontbind word, steeds volgens dié loonskaal besoldig.

By aanstelling as volwasse spoorwerker word 'n wewenaar ooreenkomstig die loonskaal besoldig wat op volwasse getroude spoorwerkers van toepassing is indien (*a*) hy onmondige afhanklike kinders het of (*b*) hy volwasse kinders het wat volgens die opinie van die Hoofbestuurder redelikerwyse van hom afhanklik is."

✱ No. 1307.] [25 Augustus 1939.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om kragtens artikel *een-en-veertig* van Wet No. 22 van 1916, soos gewysig by Wet No. 36 van 1939, goedkeuring te verleen vir die volgende wysigings van regulasie 1 van die Regulasies vir Adviserende Hawerade:—

1. Die lede van die Rade wat deur die Goewerneur-generaal benoem word, beklee hul poste solank dit die Goewerneur-generaal behaag, en die lede wat onderskeidelik deur die kamers van koophandel, kamers van nywerhede, stadsrade en vakverenigings benoem word, beklee hul poste vir een jaar vanaf 1 Oktober in elke jaar; met dien verstande dat al sulke lede weer na verstryking van hul respektiewe dienstyd benoem kan word.

DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1262.] [25 August 1939.

It is notified that His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *one hundred and twenty-six* of the South Africa Act, 1909, to approve of the re-appointment of Frederick Thomas Bates, Esquire, as a Commissioner on the Railways and Harbours Board with effect from the 1st September, 1939.

✱ No. 1263.] [25 August 1939.

" His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act No. 23 of 1925, approved of the following amendment of the Employees' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

EMPLOYEES' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from 25th June,* 1939.)"

Regulation No. **48.**

In Section No. 2—Semi-skilled Artisans—of the Artisan Pay Schedule, delete the grade " Sail Repairer " from group No. 1 and re-insert this grade in alphabetical order in group No. 2.

✱ No. 1264.] [25 August 1939.

" His Excellency the Governor-General has, in terms of section *thirty-one* of the Railways and Harbours Service Act No. 23 of 1925, approved of the following amendment of the Employees' Staff Regulations:—

SOUTH AFRICAN RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

EMPLOYEES' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENT.

(*Operative from 25th April,* 1938.)"

Regulation No. **80.**

To Sections Nos. 4 (*e*) and 7: Railworkers, of the Employees' Pay Schedule, insert the following footnote:—

" A railworker governed by the wage scale applicable to adult married railworkers shall, in the event of the death of his wife or the dissolution of his marriage for any other reason, continue to be governed by that wage scale.

On appointment as adult railworker a widower shall be remunerated in accordance with the wage scale applicable to adult married railworkers if (*a*) he has dependent minor children or (*b*) he has adult children who in the opinion of the General Manager are justifiably dependent upon him."

✱ No. 1307.] [25 August 1939.

His Excellency the Governor-General has been pleased in terms of section *forty-one* of Act No. 22 of 1916, as amended by Act No. 36 of 1939, to approve of regulation 1 of the Regulations for Harbour Advisory Boards being amended to read as follows:—

1. The members of the Boards nominated by the Governor-General shall hold office during the pleasure of the Governor-General, and the members nominated by the Chambers of Commerce, Chambers of Industries, Municipal Councils and Trade Unions respectively shall hold office for one year, from first October in each year, provided that all such members shall be eligible for renomination at the expiration of their respective terms of office.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1270.] [25 Augustus 1939.

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK.—STAKING VAN MYNWERKSAAMHEDE IN DIE WES-SPAARWATERMYN.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het, ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel *een honderd sewe-en-twintig* van die „ Precious and Base Metals Act, 1908 " (Wet no. 35 van 1908 van Transvaal) om ondergemelde persone te benoem as 'n Kommissie om ondersoek in te stel en verslag te doen betreffende die algehele staking van mynwerksaamhede in die myn, bekend as die Wes-Spaarwatermyn, behorende aan West Spaarwater, Limited:—

Die Staatsmyningenieur—as voorsitter,
Die heer Charles Joseph Gray, en
Die heer Albert Edward Payne. M.M. 58/11.

✱ No. 1278.] [25 Augustus 1939.

PUBLIKASIE VAN VERSLAE.

Die verslae van die Inspekteur van Mynverhurings vir die jaar geëindig 31 Desember 1938 oor onderstaande maatskappye word vir algemene informasie gepubliseer:—

(*a*) „ Springs Mines, Limited ".
(*b*) „ West Springs, Limited ".
(*c*) „ Vogelstruisbult Gold Mining Areas, Limited ".
(*d*) „ Simmer and Jack Mines, Limited ".
(*e*) „ New State Areas, Limited ".
(*f*) „ New Kleinfontein Company, Limited ".

Die driemaandelikse verslae kan by die kantoor van die Staatsmyningenieur, Johannesburg, op aanvraag ingesien word.

M.M. 12/2/12.

G.M.E. 201/2/2.

KANTOOR VAN DIE INSPEKTEUR VAN MYNVERHURINGS,
JOHANNESBURG, 5 MEI 1939.

SPRINGS MINES, LIMITED.

VERSLAG VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1938, SYNDE DIE TWINTIGSTE JAARVERSLAG DEUR HIERDIE KANTOOR UITGEGEE.

I. HUURKONTRAK.

1. Die huurkontrak vir mineraleregte tussen die Springs Mines, Limited, en die Staat is op 17 Januarie 1918 geteken. Die bepalings van die huurkontrak in verband met betaling aan die Staat vir die regte toegeken, het op die eerste dag van daardie maand in werking getree.

'n Aanvullende ooreenkoms vir die huur van 'n verdere gebied is op 6 Oktober 1936 geteken.

II. EIENDOM.

2. Die myngebied bekend as die „ Geamalgameerde eiendom " beslaan 3,567·96 kleims op die plaas Rietfontein No. 8, in die myndistrik Johannesburg, en 696·91 kleims op die plaas Vlakfontein No. 8, in die mynsdistrik Heidelberg, soos hieronder uiteengesit:—

	Kleims.
Mynpag no. 637	1,140·09
Ontdekkersregte	171·60
Spoorweggebied: Omruiling op 11 Maart 1916	20·63
Gebied op 17 Januarie 1918 gehuur	2,235·64
Gebied op 6 Oktober 1936 gehuur	696·91
TOTAAL	4,264·87

III. KAPITAAL.

3. Die gemagtigde kapitaal van die maatskappy is £1,750,000.

Die uitgereikte kapitaal van die maatskappy is £1,560,000 in 6,240,000 aandele van 5s. elk, almal ten volle opbetaal.

DEPARTMENT OF MINES.

The following Government Notices are published for general information.

✱ No 1270.] [25 August 1939.

COMMISSION OF ENQUIRY.—CESSATION OF MINING OPERATIONS IN THE WEST SPAARWATER MINE.

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General, under the powers vested in him by section *one hundred and twenty-seven* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), has been pleased to appoint the under-mentioned persons as a Commission to enquire into and report upon the total cessation of mining operations in the mine known as the West Spaarwater Mine, owned by West Spaarwater Limited:—

The Government Mining Engineer—as Chairman,
Charles Joseph Gray, Esquire, and
Albert Edward Payne, Esquire. M.M. 58/11.

✱ No. 1278.] [25 August 1939.

PUBLICATION OF REPORTS.

